

Inkomste-strategie by aftrede



By aftrede uit 'n Pensioenfonds, Uittree-annuïteitsfonds of Bewaringspensioenfonds moet jy volgens wet 'n verpligte lyfrente met 'n gedeelte van jou opbrengs aankoop, om vir jou 'n inkomste te voorsien na aftrede. Lede van Voorsorgfondse kan opsionele lyfrentes aankoop by aftrede.

By aftrede is jou aftreevoorsiening 'n gegewe, maar hoe jy besluit om dit aan te wend het verreikende gevolge vir jou finansiële sekuriteit na aftrede. Die heel belangrikste besluit by aftrede is die keuse van 'n gepaste inkomste-strategie.

Daar is 'n paar moontlike bedreigings vir jou inkomste en finansiële sekuriteit na aftrede:

- ▶ Lewensverwachting: Jy of jou gade kan langer lewe as wat jou beleggings en inkomste kan bekostig.
- ▶ Jou lewenspeil kan afneem omdat jou inkomste nie tred hou met inflasie nie.
- ▶ Negatiewe bewegings in die mark kan jou beleggings en/of inkomste beïnvloed.

Nog 'n belangrike besluit by aftrede is hoeveel van jou aftreevoorsiening om in kontant te neem. Dit is moontlik nie in jou beste belang om die maksimum kontantbedrag te neem nie. Neem die volgende in ag:

Die belasting betaalbaar op die kontantbedrag – 'n deel is belastingvry, maar die res word volgens 'n glyskaal belas.

As jy enige uitstaande langtermynskuld het, soos 'n huisverband, is dit gewoonlik 'n goeie idee om dit af te betaal.

Pasop vir die versoeking om die kontant op luukses te spandeer – dit is deel van jou aftreevoorsiening en moet gebruik word vir groot of onverwagse uitgawes en om jou inkomste aan te vul indien nodig.

Lewensverwachting by aftrede

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die lewensverwachting op verskillende ouderdomme. Byvoorbeeld, uit 'n groep 60-jarige mans behoort die helfte tot ouderdom 85 te leef. Lewensverwachting word bepaal deur 'n individu se spesifieke omstandighede en gesondheid, en beduidende verskille is moontlik. As jou familie almal blyk om 100 jaar en ouer te word, moet jy seker maak jou beplanning neem dit in ag!

| GEMIDDELDE LEWENSVERWAGTING | | | | | | | |
|-----------------------------|----|----|----|----|----|----|----|
| Ouderdom | 55 | 60 | 65 | 70 | 75 | 80 | 85 |
| Manlik | 29 | 25 | 21 | 17 | 14 | 11 | 8 |
| Vroulik | 36 | 32 | 27 | 23 | 19 | 16 | 12 |

Bron: Sanlam Lewens (2012)

Inkomste-opsies by aftrede

Daar is baie verskillende inkomste-opsies beskikbaar by aftrede. Hulle kan jou help om die bedreigings vir jou finansiële sekuriteit na aftrede op verskillende maniere aan te spreek. Dit is belangrik dat jy verstaan wat die impak van die inkomste-opsie wat jy kies op jou inkomste na aftrede gaan wees.

Die artikel "Comparison of Retirement Funds" bevat meer inligting oor die reëls van verskillende aftreefondse by aftrede (dit is beskikbaar in die "Retirement Fund Bulletin" op www.sanlam.co.za).




Gewaarborgde lyfrente

'n **Gewaarborgde lyfrente** bied 'n gewaarborgde lewenslange inkomste. 'n Tweede versekerde, byvoorbeeld 'n gade, kan by uitname bygevoeg word en die inkomste is dan betaalbaar tot by die dood van die langsliewende versekerde. Dit is ook moontlik om 'n inkomste te kies wat afneem (byvoorbeeld, met 50%) na die dood van die eerste versekerde.

Tipies staak die inkomste by dood, maar dit is moontlik om by uitname 'n seker termyn te kies. Die inkomste word dan tot aan die einde van die seker termyn aan die versekerde se begunstigdes betaal indien die versekerde sou sterf gedurende die seker termyn. Byvoorbeeld, as 'n seker termyn van 10 jaar gekies word, is inkomste vir minstens 10 jaar betaalbaar.

Die inkomste kan gelykblywende wees of jaarliks styg met 'n vaste persentasie (byvoorbeeld 5%). Onderstaande grafiek vergelyk die inkomste van 'n gelykblywende lyfrente met die inkomste van 'n lyfrente met 5% jaarlikse groei. Die voorbeeld is vir 'n 60-jarige man, wat kan verwag om vir 'n verdere 25 jaar te lewe, met 'n aankoopbedrag van R1 miljoen.



Alhoewel die aanvanklike inkomste van 'n stygende lyfrente laer is, is 'n stygende inkomste noodsaaklik om jou lewenspeil te kan handhaaf na aftrede, aangesien jou uitgawes jaarliks met inflasie gaan toeneem. As jy 'n produk benodig wat jou enigste of hoofbron van inkomste na aftrede gaan wees, behoort jy 'n stygende lyfrente te oorweeg.

Inflasiegekoppelde lyfrente

'n **Inflasiegekoppelde lyfrente** is 'n spesiale tipe gewaarborgde lyfrente wat 'n lewenslange inkomste bied wat gewaarborg word om jaarliks met inflasie toe te neem. Dit is moontlik om by uitname 'n tweede versekerde by te voeg of 'n seker termyn te kies, soos by 'n gewaarborgde lyfrente.

'n Inflasiegekoppelde lyfrente bied die beste moontlike beskerming van jou finansiële sekuriteit na aftrede, aangesien jy geen risiko dra ten opsigte van inflasie of beleggings of hoe lank jy gaan lewe nie. Dit is belangrik as jy nie genoeg aftree- of ander voorsiening het om hierdie risiko's nie self te dra nie.

Bonuslyfrente

'n **Bonuslyfrente** (ook bekend as 'n met-winste-lyfrente) waarborg 'n lewenslange inkomste wat nooit sal afneem nie. Maar die jaarlikse verhogings in die inkomste word egter nie gewaarborg nie.

Die jaarlikse verhogings is gekoppel aan die beleggingsopbrengs op 'n met-winste-portefeulje. 'n Met-winste-portefeulje is 'n gebalanseerde beleggingsportefeulje waarbinne die beleggingsopbrengs reëlmatig versprei word en jaarliks deur middel van bonusse toegevoeg word.

'n Na-aftrede-rentekoers ("post-retirement interest rate" of PRI) word by uitname gekies. As die werklike beleggingsopbrengs in 'n jaar hoër is as die gekose PRI word die ekstra opbrengs gebruik vir inkomsteverhogings. Byvoorbeeld, as 'n PRI van 3,5% gekies is en die beleggingsopbrengs is 6%, kan die ekstra 2,5% gebruik word vir inkomsteverhogings. Met 'n laer PRI (dit kan so laag as 0% wees), is die aanvanklike inkomste laer, maar die potensiële verhogings in inkomste is hoër.

Dit is moontlik om by uitname 'n tweede versekerde by te voeg of 'n seker termyn te kies, soos vir 'n gewaarborgde lyfrente.

Dit is 'n gepaste produk indien jy jou potensiële inkomste wil verhoog, en jy genoegsame ander beleggings of inkomste het sodat jy die risiko dat jou inkomste met minder as inflasie kan toeneem, kan bekostig.

Beleggingsgekoppelde pensioen

'n **Beleggingsgekoppelde pensioen** ("Investment Linked Life Annuity" of ILLA) word net aanbeveel vir beleggers met 'n aftreevoorsiening groter as R1 miljoen, beduidende addisionele inkomstebronne of lae lewensverwachting as gevolg van swak gesondheid. Dit bied geen beskerming teen 'n langer as verwagte lewensduur nie, en die belegger dra self die beleggings- en inflasierisiko.

'n ILLA bied 'n keuse van 'n reeks beskikbare beleggingsfondse. Die aankoopbedrag word belê in die gekose beleggingsfondse en word gebruik om 'n inkomste te voorsien. Tussen 2,5% en 17,5% van die totale waarde van die belegging moet elke jaar as inkomste onttrek word. Die inkomste wat onttrek word, kan jaarliks aangepas word solank die inkomste tussen 2,5% en 17,5% van die waarde van die belegging bly. As die aanvanklike vlak van inkomste te hoog is en die inkomste jaarliks verhoog word met inflasie, gaan die inkomste een of ander tyd beperk word deur die maksimum onttrekkingspersentasie, waarna dit nie meer moontlik gaan wees om die inkomste met inflasie te verhoog nie. Daarna sal die inkomste heel moontlik begin afneem.

Sanlam het 'n tabel opgestel met die maksimum aanbevole onttrekkingspersentasies vir 'n ILLA. Die doel van die tabel is om kliënte te help om 'n gepaste vlak van inkomste te onttrek vir hulle ouderdom. Die persentasies in die tabel gee 'n aanduiding van die maksimum persentasie wat onttrek behoort te word.


Die limiete is bereken om 'n inkomste te bied wat nie in reële terme (na inagneming van inflasie) behoort af te neem gedurende hulle lewensverwachting nie, omdat dit nie by die maksimum wetlike onttrekkingspersentasie van 17,5% uitkom nie. Dit is gebaseer op 'n portefeulje wat 'n jaarlikse opbrengs van 2% bo inflasie verdien na fooie in ag geneem is (byvoorbeeld 'n portefeulje met 'n jaarlikse opbrengs van 9,5%, as inflasie 5,5% en fooie 2% per jaar is).

SANLAM-RIGLYNE VIR MAKSIMUM ONTTREKKINGSPERSENTASIES

| Ouderdom | 55 | 60 | 65 | 70 | 75 | 80 | 85 |
|----------|------|------|------|------|------|------|------|
| Manlik | 4.0% | 4.4% | 4.9% | 5.6% | 6.3% | 7.3% | 8.7% |
| Vroulik | 3.5% | 3.8% | 4.2% | 4.7% | 5.2% | 5.8% | 7.0% |

Onderstaande grafiek vergelyk die inkomste uit 'n ILLA met 'n aankoopbedrag van R1 miljoen en 'n aanvanklike inkomste van 4,4% per jaar (volgens die riglyne vir 'n 60-jarige man, wat kan verwag om vir 'n verdere 25 jaar te lewe), met die

inkomste as 'n aanvanklike inkomste van 6% per jaar gekies word. Die inkomste word jaarliks aangepas met inflasie en 'n reële opbrengs van 2% per jaar na fooie word veronderstel.



Dit is belangrik om 'n gepaste beleggings-portefeulje vir jou ILLA te kies. Die belegger moet 'n balans vind tussen 'n beleggingsopbrengs wat hoog genoeg is om jaarlikse verhogings in inkomste te befonds en die beperking van skommeling in die beleggingswaarde. 'n Beduidende val in die beleggingswaarde kan ernstige gevolge inhou vir die volhoubare vlak van toekomstige inkomste. As jy 'n belegging in 'n ILLA oorweeg, is dit raadsaam om 'n geregistreerde finansiële adviseur wat in beleggings spesialiseer, te raadpleeg.

Enige oorblywende beleggingsfondse by dood sal betaal word aan die lyfrentenier se boedel of genomineerde begunstigdes.




Gekombineerde lyfrente

'n **Gekombineerde lyfrente** bestaan uit 'n gewaarborgde lyfrente (dit kan inflasiegekoppel wees) en 'n ILLA. Die gewaarborgde lyfrente behoort gebruik te word om genoeg inkomste te voorsien om noodsaaklike uitgawes te dek, terwyl die ILLA die inkomste aanvul met 'n meer aanpasbare inkomstestroom. As die mark laag of onstabiel is, behoort die inkomste wat uit die ILLA onttrek word, verlaag te word om die kapitaal en toekomstige inkomste te beskerm.

'n Vergelyking van die verskillende opsies

Onderstaande tabel vergelyk die maandelikse inkomste in jaar 1 en jaar 25 van verskillende inkomste-opsies, vir 'n 60-jarige man met 'n R1 miljoen aankoopbedrag (met-winst annuïteite uitgesluit). Die ILLA inkomste is baseer op die voorafgaande riglyne (m.a.w. 4.4% per jaar aanvanklike inkomste) en word elke jaar met inflasie aangepas. 'n Inflasiekoers van 5.5% per jaar word veronderstel.



Bron: Sanlam Lewens (tariewe soos op 05/11/2012)

Die waarde van advies

Die keuses by aftrede is kompleks. Daar is baie verskillende inkomste-opsies beskikbaar en die mees gepaste inkomste-strategie vir jou mag uit 'n kombinasie van opsies bestaan. Dit is moontlik om 'n ILLA na 'n gewaarborgde lyfrente om te skakel, maar 'n gewaarborgde lyfrente kan nie aangepas word nie. Dit is dus uiters belangrik dat jy versigtig oor jou opsies nadink. Dit is raadsaam om 'n ervare geregistreerde finansiële adviseur te raadpleeg om seker te maak dat jy die mees gepaste keuses maak vir jou spesifieke finansiële situasie.

Die voorsiening wat jy vir aftrede maak, bly die belangrikste bydraende faktor tot jou finansiële sekuriteit na aftrede. As jy nog nie genoegsame voorsiening vir aftrede het nie en gesond genoeg is om te werk, oorweeg om jou aftrede uit te stel of deelyds te werk. As jy nog 'n paar jaar oor het voor aftrede, kan 'n finansiële adviseur bepaal of jy op pad is na sekuriteit vir jou aftrede. Indien nie, spaar soveel as wat jy kan bekostig.